die Christelike Vrou

NHSV Dinamies vorentoe

Redaksie

- Magda van Deventer (redakteur)
- Natasha Beyers
- Hannelie Botha
- Ansie Celliers
- Annerie Conradie
- Bep du Toit
- Yvette Otto
- Celia Prinsloo
- Giesela Schwarzer
- Thea van Rooyen

# Hemelvaart in September

Dit is Rudie se vierde verjaardag. Vroegmiddag kom die kleuterskoolmaatjies en nefies aan vir die partytjie. Die tema is *Batman* en almal kry swart mantels om die skouers en musse met regopstaan voeler-ore op hul koppe.

Ook die koek is Batman se gesig, grotesk op 'n ys-like skinkbord. Dis 'n gehardloop en gejil van nege klein seuntjies, skielik met bomenslike vermoëns van die fantasiewese – die vlermuisman. Gekleurde, met helium gevulde ballonne verhoog die feestelikheid. Vir veiligheid word die ballonne aan die polse van die feesgangers vasgebind.

Toe gebeur dit. Een van die kinders se ballonne raak los en skiet op in die lug. Nege seuntjies staan onthuts stil en kyk verskrik boontoe toe die eienaar van die ballon keel opsit en huilend skree: *My ballon... my ballon!*

Toe hy asem skep vir die volgende skree, sê een van die ander seuntjies: *Man, nou is dit mos Jesus se ballon!*

Doodse stilte volg. Die slagoffer sluk sy skree in. Nege gesiggies is in eerbiedige verwondering opgehef na bo, waar die ballon, op pad hemel toe, al hoe kleiner word, tot dit uit sig verdwyn.

'n Sug gaan deur die groepie na die wonderlike belewenis. Hulle kyk mekaar aan tot een van hulle die betowering verbreek deur te roep: *Aliens... Aliens!* en begin hardloop. Die ander hardloop saam om watter skelms ook al te vang.

Die heilige oomblik is verby. Die partytjie gaan verder. Die koek word gesny en ander snoeperye word uitgedeel.

Ek staan 'n oomblik stil. Sou dit moontlik wees dat die dissipels wat die Hemelvaart van Jesus aanskou het, met dieselfde verwondering en eerbied na bo gekyk het? In die nege paar ogies het die onskuld van die kind gelê. Ook 'n seker wete dat die ballon sy bestemming sal bereik.

**Bep du Toit**

Jan-Harm Barkhuizen, Gemeente Weskus

# Bediening aan die dowe gemeenskap

Toe ek in 2003 in die Weskus aangekom het, het die dowe gemeenskap my genader om eredienste vir hulle aan te bied. In daardie stadium was hulle gewoond aan een of twee dienste per jaar. Dink net hoe dit moet voel om so min in die kerk te kom. Daarmee saam is hulle nog ’n geïsoleerde gemeenskap met min kuiergeleentheid, wat beteken dat hulle nie eers die sosiale interaksie soos ons op Sondae kon ervaar nie.

Dowe bediening is nie maklik nie. Dowes kommunikeer baie anders as ons. Hulle praat met hul hande, hul lippe en hul lyf. Ons druk emosie uit in stemtone, hulle gebruik hul gesigte en lyftaal. Wanneer jy dus preek en emosie wil uitdruk, praat jy met jou mond, jou hande én gebruik jy jou lyftaal en gesigsuitdrukkings. Hul taal is maklik, eenvoudig en op die man af. Hulle is dankbare mense wat gretig luister na die evangelie. Baie van hulle het eers laat in hul lewe besef waaroor kerk gaan. As kinders wat nie kon hoor nie, het hulle nie besef waarom hul ouers in die kerk sit nie of wat gesê word nie!

Die dowes skakel baie goed by ons in. Hulle wil baie graag deel wees van die kerk en die werk van die kerk. Hulle soek hul plek onder ons. Wanneer dit egter by vergaderings kom, of funksies waar hulle ver in die minderheid is, sien jy hulle vinnig onttrek. Ons kommunikasie is te vinnig vir hulle om te volg en hulle voel dus maklik uit en in die pad. Daar moet met groot omsigtigheid met hulle gewerk word. Hierdie mense is sensitief en ken die seer van die lewe goed. Hulle is ook nie baie *werd* in ons leefwêreld nie. Hulle kry nie ons geleenthede nie en moet hoofsaaklik ambagswerk doen teen lae inkomste. ’n Mens sien ’n liggaamsgestremde of siggestremde mens maklik raak, maar ’n dowe lyk soos ons, hy of sy is dit net nie. As gevolg hiervan raak hulle letterlik voor ons oë weg. Kyk maar hoe die groot en lekker dinge in die lewe ook by hulle verbygaan. Filmteaters het nie onderskrifte nie, buiten *7de Laan*, en sommige nuusuitsendings op TV is doofonvriendelik.

Hierdie mense gaan deur al die ellendes en seer van die lewe soos ons, maar anders as ons wat toegang het tot dienste, is daar min mense wat hulle kan begelei deur hierdie traumas.

Ons gemeente betrek die dowes by funksies, bied aan hulle twee eredienste per maand, hou met hulle Bybelstudie, hanteer hulle as eie wyk, bederf hulle met handvaardigheidsprojekte, bederf hulle tydens verjaardae met heerlike etes en onthale. Hulle deel in die basaar en werk net so hard soos enige ander lidmaat. Ons het twee dowe ouderlinge en ons koster is ’n dowe man, onberispelik in sy werk.

Deur aan hulle erkenning te gee en hulle in te trek, maak ons in liefde vir hulle die deure van die koninkryk oop, en wat ’n voorreg!

**Kontak ds Jan-Harm Barkhuizen by**
**022 713 1331, 073 217 6929 of harm@nhk.co.za**

Leona Caarstens



# Die verhaal

## van ’n dowe vrou

Toe ek gebore is, het my moeder nie geweet ek is doof nie. Sy het baie met my geraas en ek het baie pak gekry omdat ek nie wou luister nie. Toe ek drie jaar oud was, het sy my by die dokter gehad omdat ek siek was. My moeder het daar die skok van haar lewe gekry toe die dokter vir haar gevra het of sy weet dat ek doof is. Sy het onbedaarlik gehuil oor die stief behandeling wat sy my gegee het.

Ek onthou die tye dat ons kerk toe gegaan het. Die dowes was nog min en het nie naby mekaar gewoon nie. Daar was nog nie gebaretaaldienste of -skole nie. Ons het in die kerk gesit en gewonder watse vergadering aan die gang was. Dit was baie vervelig. Ons het baie gekyk na die ligte, of voëls wat in die kerk ingevlieg het. Eers nadat ek getroud is, het ons gehoor van ’n dominee in die NG Kerk naby Brackenfell wat gebare kon doen. Toe ons by hom in die kerk gekom het, was ons so verbaas om te verstaan wat hy sê. Ons kon dit nie glo nie. Ons het van God geleer, en van Jesus se liefde – dit was wonderlik!

My man was ’n baie goeie sportman, rugby en veral krieket. Vandag moet hy knieoperasies deur die provinsiale hospitaal kry, want ons het nie medies nie. Hy het een knievervanging gekry, maar die Staat het nie nou nog geld vir die ander knie nie. Ons wag geduldig, dowes moet leer om geduldig te wees.

Ons woon nou in die Weskus, in Saldanha. Ons is nou lidmate van die Hervormde Kerk. Ons dowes was altyd in die NG Kerk, maar die NG Kerk in die Weskus wou nie die dowes help nie. Ds Hough is so ver in Bellville dat hy nie gereeld by ons kon uitkom nie. Ds Barkhuizen help hom nou en werk met ons dowes. Ons voel baie tuis in die Hervormde Kerk. Die kerkmense maak hul harte vir ons oop en nou kan ons baie gereeld kerk toe gaan en luister hoe Dominee ons leer oor Jesus.

Ek sukkel om te kommunikeer, my hande is seer en my vingers geswel van rumatiek. My oë is ook swak en my balans is nie goed nie. Ek gaan amper nooit uit die huis nie, mense stamp teen my en weet nie van my omstandighede nie. Dit is so lekker as die kerk ons bederf, en ons is baie lief vir die kerk.

Eendag sal God my liggaam nuut maak, dan kan ek ook hoor. So vertel ds Barkhuizen ons. Ek kan nie wag nie!

*(verwerk)*

Giesela Schwarzer

# Samantha – instrumentasiemeganikus

Om ’n beroepskeuse te maak om op ’n myn ’n ambagsman (-vrou) te word, is verseker nie wat in ’n jong meisie se kop draai nie, veral nie as sy al te doen gekry het met die mooi dinge in die lewe waarin meisies gewoonlik belangstel nie.

Vir Sam, kort vir Samantha, was dit egter ’n roeping, want van kleintyd af het sy saam met haar pa rondgery en mense se stukkende meganiese en elektriese toerusting reggemaak, en dit het haar gefassineer hoe die goed werk.

Sam verlaat die HTS Rustenburg in 1996 en voltooi haar N3-sertifikaat in Elektries by die Tegniese Kollege. Aanvanklik was sy onseker oor watter vakrigting om te volg, en sy gaan werk in ’n videowinkel en later ook as verkoopsdame in ’n klerewinkel. Maar om die hele dag in ’n gebou vasgekeer te wees, is nie vir haar nie, en sy besluit om by ’n oom wat elektriese instandhoudingswerk vir Rainbow Chickens gedoen het, te gaan werk. Dit help haar besluit om ’n vakman te word, en sy doen aansoek vir ’n vakleerlingskap in Meganiese Instrumentasie by Anglo Platinum se Rasimone-myn op Rustenburg. Haar aansoek is suksesvol en sy begin met haar twee jaar opleiding in 2000 in Randfontein waar Anglo Platinum se Engineering Skills Training Centre is.

Meganiese instrumentasie op die myn behels die ontwerp en instandhouding van elektroniese beheersisteme van meganiese kleppe wat oral op die myn gebruik word. ’n Voorbeeld waar sodanige kleppe benut word, is wanneer die platinumerts ondergronds uit die myn met vervoerbande na die vergruisingsaanlegte vervoer word en waar ’n klep dan outomaties die vervoerband sal oorskakel na ’n ander vergruiser wanneer die eerste een sy kapasiteit bereik het. Nodeloos om te sê, daar is duisende sulke kleppe op so ’n aanleg en daar ontstaan voortdurend probleme.

Sam voltooi haar twee jaar teoretiese en praktiese opleiding, wat uit ses fases bestaan het, in 2002. Nadat sy haar vaktoets suksesvol slaag, word sy by die myn aangestel, Sy is die eerste vrou met sodanige kwalifikasie. Die manne op die myn wou haar glad nie aanvaar nie en sy het harde bene gekou om haarself te bewys. Sy het vir twee jaar ondergronds agtuurskofte gewerk en daarna vir twee jaar bogronds. Sy was ook gereeld op bystand, wat beteken dat sy enige tyd van die dag of nag uitgeroep kon word.

In 2007 gaan ’n pos oop by die myn se eie opleidingsentrum in die afdeling waar alle werknemers gereeld ’n veiligheidsinduksiekursus moet volg om seker te maak dat hy of sy voldoen aan veiligheidsvoorskrifte. Sam kry die pos en, na interne opleiding, is sy tans voltyds besig met induksie-opleiding op die myn.

Sam is tans alleenloper en woonagtig op die myn. Vir ontspanning ry sy motorfiets, wat haar groot liefde is. Sy besit ’n 1000 cc Superbike en ook ’n *off road*-motorfiets waarmee sy op die mynhope en in die veld gaan rondry vir ontspanning. Sy behoort tot ’n motorfietsklub en hulle gaan gereeld naweke op ontbytritte (*breakfast runs*) en gewoonlik een keer ’n maand vir ’n naweek op ’n *rally.*

Voorwaar ’n interessante maar moeilike vakrigting om te volg!

Yvette Otto



# Sewentig met styl – 15 Mei 2010

Op die boomryke terrein, in die winterbeswerende, warm kerkgebou van Schoemansdal, word ons hartlik verwelkom om hierdie heuglike gebeurtenis, die feeskonsert ter herdenking van die NHSV se 70ste bestaansjaar, te vier.

Die NHSV voorsitter, Marita Fourie, verwelkom ons hartlik met die boodskap: Die Here hou self sy kerk in stand, jongmense moet besef die toekoms lê voor en moet hul oë na bo gerig hou. Keurige groeteboodskappe van vorige NHSV voorsitters volg via 'n kort skyfievertoning.

Na die sing van die NHSV lied, wen die talentvolle Oorwinningskinders weer eens ons harte met hul titelsnit wat hulle self geskryf en getoonset het. Met *Grieta* steel Rianda die *show* en beleef ons die betowering van Broadway in die Bosveld. *Seisoene van Luister*, opgedra aan dr Wilhelm Coetzer, laat min droë oë in die gehoor.

Smeulend sing Henry van Dyk vir ons Spaanse liefdesliedjies en eindig met die immer pragtige *I walk with God.*

La Diva lewer, soos altyd, vermaak uit die boonste rakke.

Pouse word ons verder verkwik met eetgoed wat die kliere kielie. Perfek versierde kolwyntjies en talle smulhappies word keurig voorgesit terwyl ons gesellig saamkuier.

Ds Thinus, Franco, Ingemari en Hannes deel later sielvolle liedjies met ons.

'n Hele paar dames gaan moet toustaan by die ruk-en-pluk-dokter as gevolg van *oom* CaliMari se onnutsige vertellings. Hy het ons dubbel laat vou op plekke waar ons nie gedink het ons meer kan vou nie.

En toe: die kersie op ons verjaardagkoek, die leeu in die storieboek. Vir 'n wyle het ek my verbeel ek is weer 'n tiener wat 'n lewendige vertoning van John Paul Young bywoon soos daar gilletjies en *oohoos* opklink. Daar was ons eie minnesanger, Kevin Leo, en hy sing sy hart (en ons gô's) uit: *Don't you feel like crying?*

Toe *cry* ons amper almal saam.

Die NHSV se pragtige verjaardagkoek wat luister verleen het aan die feesviering by Gemeente Pretoria-Oos